

20.8 BESWAARSKRIF GK OOS-MOOT TEEN WYSIGING VAN KERKORDE, ARTIKEL 69

Die Kerkraad versoek, op aanbeveling van Klassis Pretoria-Moot, om ooreenkomstig vasgestelde prosedure (Acta 1991:526-528) die volgende Beswaarskrif op die Agenda van die Algemene Sinode 2015 te plaas.

1. Die besluit waarteen beswaar gemaak word

Die besluit waarteen beswaar gemaak word, word weergegee in die Sinode Handeling 2012, art 22.1, Rapport 1 van die Deputate Liturgiese Sake en die besluit (Acta:384-385):

Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Die volgende wysigingsformulering vir KO, art 69 word op grond van bogenoemde deur die Deputate vir goedkeuring aan die Sinode voorgehou:

“In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge en Skrifgetroue liedere wat die Sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerke gelaat.”

Besluit:

1. **Dat die woord “Kerkraad” met “Kerke” vervang word in voorgestelde bewoording van KO, art 69 (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).**
2. **In beginsel word goedgekeur dat Skrifgetroue liedere in die kerke gesing kan word.**
3. **Die amendement dat die woorde “wat die Sinode goedgekeur het” in die voorgestelde bewoording in 2.1 vir KO, art 69 geskrap word, word nie goedgekeur nie.**
4. **Die voorgestelde bewoording in 2.1 vir KO, art 69 soos gewysig volgens punt 1 van hierdie besluit goedgekeur word.**

2. Beswaargronde en motiverings

2.1 *Beswaargrond 1*

Die Sinode bly in gebreke om op grond van die Skrif en Belydenis aan te toon waarom die bestaande Kerkorde, artikel 69 nie voldoende is nie.

Motivering

In die hele Rapport word daar slegs een maal sydelings na die Skrif in Kolossense 3:16 verwys, sonder dat die betrokke Skrifgegewe uitgelê en toegepas word (1.6.6). Nêrens elders word daar op Skrif- of Belydenisgronde aangetoon waarom daar oor so ‘n gewigtige saak soos die kerklied so ‘n ingrypende besluit geneem word nie en dit terwyl daar in die Skrif duidelike uitsprake oor die kerklied is (onder andere Efesiërs 5:19).

2.2 *Beswaargrond 2*

Die Sinode het hom in die neem van die besluit deur die praktyk laat lei.

Motivering

In die Rapporte word duidelik uitgespreek hoe noodsaaklik dit is dat eenheid in die kerke bevorder moet word (1.6.8). Die verskillende historiese agtergronde in die GKSA soos blyk uit die ontstaansgeskiedenis van die onderskeie bundels moet verreken word. Eenheid ten spyte van die verskeidenheid sal volgens die Rapport nie behou en bevorder word deur een groep van die GKSA se historiese agtergrond normatief vir al die kerke in die GKSA te maak nie (1.6.9). Gevolglik is artikel 69 "oopgestel" om die liedereskat van die verskillende kerk(/taal)gemeenskappe te akkommodeer. Dit is 'n bloot pragmatiese motivering, wat nie die toets van die Skrif deurstaan nie.

3. **Versoek**

Sinode 2015 word versoek om:

- 3.1 die besluit soos geneem op Sinode 2012 (Acta:384-385) te herroep;
- 3.2 die eenheid in die kerke te bevorder deur die kerklied te reformeer ooreenkomstig die uitsprake volgens God se Woord en nie bloot volgens bestaande praktyke of ter wille van eenheid nie.

Toeligter: